**<u>IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA</u>**
**(ORANJE-VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

*Appèlno: 87/2004*

In die appèl van:

**<u>ERIC PHALISO</u>**

En

**<u>DIE STAAT</u>**

---

**<u>CORAM:</u>** LOMBARD R, BECKLEY <u>et</u> WRIGHT RR

---

**<u>AANGEHOOR OP:</u>** 16 AUGUSTUS 2004

---

**<u>UITSPRAAK:</u>** BECKLEY R

---

**<u>GELEWER OP:</u>** 19 AUGUSTUS 2004

---

Die appellant is in die Streekhof skuldig bevind aan verkragting van 'n 6-jarige meisie en ná skuldigbevinding is die saak na die Hooggeregshof verwys vir vonnisdoeleindes ingevolge die bepalings van Artikel 52(1)(a) van Wet 105 van Wet 1997. Op 18 Februarie 2002 is die appellant gevonnis tot 30 jaar gevangenisstraf. Hy kom nou in hoër beroep teen die opgelegde

vonnis met die verlof van die Hof *a quo*.

Tydens die beredenering van die appèl het Me Claassens, namens die Direkteur vir Openbare Vervolgings, toegegee dat die opgelegde vonnis nie ondersteun kan word nie aangesien dit in die omstandighede van die saak treffend onvanpas is.

Die enigste aspek wat dus oorweeg moet word, is wat 'n gepaste vonnis sou wees. Dit spreek vanself, uit die aard van die saak, dat die vonnis net kan bestaan uit 'n termyn van gevangenisstraf. Mnr Marais, namens die appellant, het aan die hand gedoen dat die termyn van gevangenisstraf aansienlik verminder behoort te word. Met daardie benadering stem ek saam.

Die Hof *a quo* het volledige redes verskaf vir die opgelegde vonnis en ek is nie voornemens om dit hierin te herhaal nie. Klaarblyklik het die jeugdigheid van die klaagster 'n belangrike rol gespeel. Faktore wat na my mening egter onderbeklemtoon is, is die jeugdigheid van die appellant – hy was tydens die verkragting maar 18 jaar oud – asook die feit dat hy 'n eerste oortreder is,

skuldig gepleit het en reeds 15 maande in aanhouding was.

‘n Verdere faktor wat moontlik ‘n rol gespeel het tydens die oorweging van die termyn van gevangenisstraf in die Hof *a quo*, is die feit dat die verteenwoordiger van die Direkteur vir Openbare Vervolgings se betoog was dat die beskuldigde gevonnis moet word tot lewenslange gevangenisstraf, synde die voorgeskrewe vonnis. Sodanige betoog was na my mening in die onderhawige saak onvanpas en onverantwoordelik: Die verteenwoordigers van beide die Direkteur van Openbare Vervolgings sowel as die beskuldigde se funksie is om ‘n Hof behulpsaam te wees deur sinvolle en verantwoordelike argumente voor te hou, wat betref skuldigbevinding sowel as vonnis, en nie om die Hof te probeer oorreed om ‘n onrealistiese vonnis op te lê nie.

Wanneer die persoonlike omstandighede van die appellant, die besonderhede rakende die misdryf wat hy gepleeg het en die belange van die gemeenskap op ‘n ewewigtige wyse oorweeg word, meen ek dat ‘n vonnis van 14 jaar gevangenisstraf in die onderhawige geval gepas sal wees.

Bygevolg word die volgende bevel gemaak:

1. Die appèl teen die vonnis slaag.

2. Die opgelegde vonnis word tersyde gestel en vervang met 'n vonnis van 14 jaar gevangenisstraf.

3. Voormelde vonnis moet geag word opgelê te gewees het op 18 Februarie 2002.

**A.P. BECKLEY R**

EK STEM SAAM:

**D.J. LOMBARD R**

EK STEM SAAM:

**G.F. WRIGHT R**

Namens Appellant: Adv. E. Marais
BLOEMFONTEIN

Namens Respondent: Adv. B.G. Claassens
Kantoor van die Direkteur:

Openbare vervolgings
BLOEMFONTEIN

/ec